VinPro

KOSTEGIDS | COST GUIDE

2015/16

Samestelling / Composition

Andries van Zyl
VinPro Landbou-ekonomiese Dienste /
VinPro Agricultural Economic Services
Kantoor: 021 276 0429
Sel: 073 280 8703
andries@vinpro.co.za

'n Spesiale woord van dank aan ons borge wat die druk van hierdie Kostegids, asook die gratis verspreiding daarvan aan alle VinPro-lede en rolspelers in die wynbedryf moontlik maak.

A special word of thanks to our sponsors without whom this Cost Guide could not have been published or distributed for free to all VinPro members and role-players in the wine industry.

Orchard Suppliers • Netafim • Boshoff Visser
Hauptfleisch Grondverskuiwing • Terason / Villa Crop

Inhoud / Contents

Voorwoord / Foreword 5

Doel / Purpose 5

Koste van wyndruifproduksie (2014-oes) / Cost of wine grape production (2014 harvest) 6
- Inleiding en agtergrond / Introduction and background 6
- Die koste van wyndruifproduksie / The cost of wine grape production 7
- Kontantuitgawes / Cash expenditure 8
- Voorsiening vir vervanging / Provision for renewal 10
- Gelykbreek / Break-even 12

Kostestruktuur van top presteerders / Cost structure of top achievers 16
- Wat doen top presteerders anders? / What sets top performers apart? 18

Teikeninkomste (2014-oes) / Target income (2014 harvest) 20

Arbeidsriglyne / Labour guidelines 22
- Arbeidsnorme / Labour norms 22
- Minimum loon / Minimum wage 23

Vestigingskoste / Establishment cost 23
- Grondvoorbereiding / Soil preparation 23
- Koste van prieelstelsels / Cost of trellis systems 26
- Besproeiing / Irrigation 34
- Ander nuttige inligting / Other useful information 35

Koste van meganisasie / Cost of mechanisation 35
- Metodiek / Methodology 36
- Trekkers / Tractors 37
- Parsmasjiene / Harvesters 39
- Spuitpompe / Spraypumps 39
- Sleepwaens / Trailers 40
- Ander implemente / Other implements 40
- Bakkies / Pick-ups 41
- Vragmotors / Trucks 42

VinPro kontakbesonderhede / VinPro contact details ..... Agterblad

Vrywaring / Indemnity

Die samestellers van die VinPro Kostegids het deurgaans te goeder trou opgetree. Enige besluit voortspruitend, of aksie gebaseer op die inligting soos vervat in die gids, word op eie risiko gedoen. Nie die samestellers of VinPro kan verantwoordelik gehou word vir enige finansiële verlies weens so 'n besluit of aksie nie, terwyl enige finansiële wins slegs tot die voordeel van die gebruiker daarvan is.

The VinPro Cost Guide was compiled in good faith. Any decision taken as a result of, or actions based on information contained in the guide is solely at the user's own risk. Neither the compilers nor VinPro are accountable for any financial loss due to such decisions or actions, while any financial gain derived from it is solely to the benefit of the users thereof.

Voorwoord / Foreword

In die strewe na 'n volhoubare en deelnemende wynprodusentegemeenskap bly die VinPro Landbou-ekonomiese Diens verbind tot effektiewe en waardetoegevoegde ekonomiese dienslewering aan VinPro se lede en ander rolspelers in die bedryf.

Die Suid-Afrikaanse wyndruifprodusent is die afgelope paar jaar blootgestel aan stygende insetkostes en dalende winsmarges, wat daartoe lei dat die produsent se winsgewendheid onder geweldige druk verkeer. Met hierdie in ag geneem, openbaar die VinPro Landbou-ekonomiese Dienste jaarliks kritiese finansiële aanwysers wat regdeur die wynbedryf erken en gebruik word as 'n betroubare maatstaf. 'n Uitvloeisel daarvan is die samestelling van hierdie meer gedetailleerde Kostegids – wat jaarliks in Mei opgedateer en beskikbaar gestel word – ter verdere ondersteuning van die produsent.

In the quest towards a sustainable and participating wine producer community, VinPro Agricultural Economic Services are committed to providing effective and value-added economic services to all members of VinPro, as well as other role players in the industry.

The South African wine producer's profitability has been under enormous pressure over the past few years due to rising input costs, as well as low and decreasing profit margins. With this in mind, VinPro Agricultural Economic Services annually reveal financial indicators that are accepted and used throughout the wine industry as a trusted benchmark. As an extension of its support to producers, VinPro compiled this more detailed Cost Guide, which is updated annually and available in May.

VinPro Landbou-ekonomiese Dienste

- Lewensvatbaarheidstudies, koste- en winsgewendheidsanalises, asook skadebepalings.
- Koördinering van finansiële studiegroepe/Produksieplan – finansiële geheelplaas- en bedryfstak-analises op plaasvlak.
- Ekonomiese en bedryfsverwante artikels en aanbiedings.
- Versameling en verspreiding van verteenwoordigende landbou-ekonomiese bedryfsinligting.

VinPro Agricultural Economic Services

- Feasibility studies, cost- and profitability analyses, as well as damage assessments.
- Coordinating financial study groups/Production Plan – financial analyses of total farm or operational enterprise.
- Economic and industry-related articles and presentations.
- Collecting and distributing relevant financial industry information.

Doel / Purpose

Die hoofdoel van hierdie Kostegids is om sekere noodsaaklike ekonomiese aspekte in 'n eenvoudige formaat te verpak wat as hulpmiddel kan dien vir die opstel van begrotings deur wyndruifprodusente. Weens dramatiese prysskommelinge is dit baie moeilik om sinvol en akkuraat te begroot en kan hierdie gids as riglyn daarvoor aangewend word.

The main purpose of this guide is to provide wine grape producers with specific financial indicators to assist them in compiling a budget. Due to the fact that prices vary dramatically, it is difficult to compile a budget that is both meaningful and accurate. This guide is a useful aid in compiling a more accurate budget.

Koste van wyndruifproduksie (2014-oes) / Cost of wine grape production (2014 harvest)

Die 2014 rekord-oes en die impak op primêre wyndruifprodusente se finansiële volhoubaarheid

Inleiding / Introduction

VinPro Landbou-ekonomiese Dienste het met die ondersteuning van Winetech, die Nasionale Landboubemarkingsraad (NLBR), Standard Bank, Absa, Land Bank, ENB, Nedbank en Capital Harvest, in 2014 geheelplaas ontledings in al nege wyndistrikte uitgevoer. Die primêre doel bly steeds om die produksiestruktuur, kostestruktuur en winsgewendheid per distrik te bepaal, om sodoende die finansiële welstand van die produsente te bepaal.

Altesaam 236 boerdery-eenhede uit nege wyndistrikte het aan die 2014 Produksieplan Opname deelgeneem. Die steekproef het in 2014 uit 22 117 ha (22% van die totale Suid-Afrikaanse wingerdstand in 2013) bestaan, wat 352 209 ton lewer (24% van die totale Suid-Afrikaanse oes in 2014). Hiervan was 63% wit- en 37% rooi wyndruiwe, en 59% van die tonne is meganies gepars.

Die ontleding hanteer die wingerdvertakking in geheel (draende en nie-draende hektare) en daar word nie onderskeid tussen kultivars en sekere blokke tydens die koste-ontleding gemaak nie, die groter meerderheid van die deelnemers is gediversifiseerd en verskil ten opsigte van plaasgrootte. Die verslag verteenwoordig bedryfsgemiddelde syfers, wat bereken word deur die geweegde gemiddelde van al die deelnemers te bepaal. Die Malmesbury-distrik word deurgaans apart geëvalueer en vorm nie deel van die bedryfsgemiddelde syfers nie, aangesien dié studiegroep 'n groot komponent droëlandwingerd verbou, wat 'n alternatiewe produksie-, koste- en kapitaalstruktuur benodig.

VinPro Agricultural Economic Services conducted comprehensive analyses in all nine wine districts with the support of Winetech, the National Agricultural Marketing Council (NAMC), Standard Bank, Absa, Land Bank, FNB, Nedbank and Capital Harvest. The primary objective remains to determine the production structure, cost structure and profitability per district, so as to determine the financial wellbeing of the producers.

Altogether 236 farming units from nine wine districts participated in the 2014 Production Plan Survey. In 2014 the sample consisted of 22 117 ha (22% of the total South African surface planted to grapevines in 2013), which produced 352 209 tons (24% of the total South African crop in 2014). This consisted of 63% white and 37% red wine grapes, and 59% of the tons were mechanically harvested.

The analysis applies to overall grapevine production (bearing as well as non-bearing hectares) and the cost analysis makes no distinction between cultivars and specific blocks. The greater majority of participants are diversified and differ with regard to farm size. The report represents industry average figures, calculated by determining the weighted average of all participants. The Malmesbury district is always evaluated separately and does not form part of industry average figures, in view of the fact that this study group cultivates a large component of dryland vineyards, which require an alternative production, cost and capital structure.

Die koste van wyndruifproduksie / The cost of wine grape production

Die jaarlikse koste wat aangegaan is om die 2014-oes voor te berei, het uit kontantuitgawes en voorsiening vir vervanging bestaan, alle belasting, rente en ondernemersloon verpligtinge uitgesluit. Die bedryfsgemiddelde totale produksiekoste (Malmesbury uitgesluit) het sedert 2013 met 8% na R38 674/ha in 2014 toegeneem.

The annual cost incurred to prepare the 2014 crop comprised cash expenditure and provision for replacement, excluding all tax, interest and entrepreneurial remuneration. Compared to 2013 the industry average total production cost (excluding Malmesbury) increased by 8% to R38 674/ha in 2014.





Kontantuitgawes

Kontantuitgawes word as direkte koste, arbeid, meganisasie, vaste verbeteringe en algemene uitgawes gespesifiseer. Totale kontantuitgawes toon 'n 10% styging sedert 2013 tot R29 235/ha in die 2014-oesjaar.

Hierdie verhoging word hoofsaaklik aangevuur deur die eerste jaar wat die verhoogde minimumloon ten volle in werking getree het, veral in die distrikte waar daar 'n groter afhanklikheid op seisoenale arbeid was. Dit het bygedra tot die verhoogde komponent wyndruiwe wat meganies gepars word, asook al hoe meer praktyke, byvoorbeeld snoei wat meganies hanteer word. Die rekord-oes het ook tot die verhoging bygedra weens verhoogde insette wat verlang word, sodat wyndruiwe winsgewend vir 'n spesifieke wyndoelwit geproduseer word.

Cash expenditure

Cash expenditure is specified as direct cost, labour, mechanisation, fixed improvements and general expenses. Total cash expenditure indicates a 10% increase from 2013 to R29 235/ha in the 2014 production year.

The increase is driven mainly by the increased minimum wage – this being the first financial year when it was applied in full – especially in the districts that rely more heavily on seasonal labour. This contributed to the increased mechanisation component, including an increase in alternative practices such as mechanical pruning. The record crop also contributed to the increase, seeing that increased inputs are required to produce wine grapes profitably for a specific wine style objective.











Die kostesamestelling verskil egter tussen die onderskeie areas weens die mate van meganisering, alhoewel die totale produksiekoste nie noemenswaardig tussen die areas verskil nie. Noukeurige kostebestuur, met die balans tussen wyndoelwit en insetbehoefte per blok, bly krities in siklusse van onder-inflasie inkomstestygings.

The cost component differs among the various areas due to the level of mechanisation, although the total production cost does not differ significantly from one area to the next. Stringent cost management, with a balance between wine style objective and input requirement for each block, remains critical in cycles of sub-inflationary increases in income.

Samestelling van jaarlikse kontantuitgawes / Composition of annual cash expenditure
Bedryf / Industry

Voorsiening vir vervanging

Produksiekoste word nie net tot kontantuitgawes beperk nie, maar kapitale items moet ook oor tyd vervang word, om sodoende die besigheid in stand te hou en dit sorg vir 'n volhoubare besigheidsmodel. Trekkers, gereedskap, ander produksiemiddele, wingerde en geboue gaan agteruit en moet vervang word, dus moet die aankoopwaarde van die item oor 'n spesifieke leeftyd verhaal word. Deur die beginsel 'voorsiening vir vervanging' te gebruik, word 'n groter bedrag as in die geval van 'depresiasie' verhaal. Dit spreek die probleem van reglynige waardevermindering tot 'n mate aan.

Provision for renewal

Production cost is not only limited to cash expenditure; capital items also have to be renewed in due course of time so as to maintain the business as a running concern and ensure a sustainable business model. Tractors, tools, other means of production, vineyards and buildings deteriorate and have to be renewed, therefore the purchase value of the item has to be recovered over a specific lifetime. By using the principle 'provision for renewal', a larger amount is recovered than in the case of 'depreciation'. To a certain extent this addresses the problem of rectilinear depreciation in value.

Met die berekening van voorsiening vir vervanging word items oor verskillende termyne teen vervangingswaarde afgeskryf:

Geboue	60 jaar
Wingerde	20 jaar
Los bates / produksiemiddele	7 - 15 jaar

When calculating provision for renewal, items are written off over different periods at renewal value:

Buildings	*60 years*
Grapevines	*20 years*
Moveable assets / means of production	*7 - 15 years*

Vervangingswaarde van kapitaalstruktuur / Replacement value of capital structure
Bedryf / Industry
2005 - 2014



Totale voorsiening vir vervanging het in die 2014-oesjaar R9 439/ha beloop – 'n 4% styging sedert 2013.

Total provision for renewal amounted to R9 439/ha in the 2014 production year – a 4% increase from 2013.



Gelykbreek

Die impak van verhoogde produksie is wesenlik op die gelykbreekprys van die totale produksiekoste in rand per ton. Totale produksiekoste per hektaar, wat met 8% sedert 2013 gestyg het, het daartoe gelei dat die gelykbreek in terme van rand per ton van R2 042/ton na R2 186/ton in 2014 toegeneem het. Anders gestel: die eerste R2 186 wat die produsent gedurende die 2014-oes vir 'n ton druiwe ontvang het, behoort vir totale produksiekoste aangewend te word – geen ondernemersloon, rente of belasting is nog in berekening gebring nie.

Break-even

The impact of increased production is significant on the break-even price of the total production cost in rand per ton. Total production cost per hectare, which increased by 8% from 2013, caused the break-even in terms of rand per ton to increase from R2 042/ton to R2 186/ton in 2014. In other words: the first R2 186 a producer received for a ton of grapes during the 2014 harvest, should be applied for total production cost – no entrepreneurial remuneration, interest or tax has been taken into account yet.



Die gemiddelde opbrengste verskil noemenswaardig tussen die distrikte, asook tussen die verskillende kultivars, terwyl die produksiekoste nie noemenswaardig verskil nie. Dit gee aanleiding tot groot verskille in gelykbreekprys ten opsigte van totale produksiekoste in die onderskeie distrikte en tussen die verskillende kultivars.

The average yields differ considerably among the districts, as well as among the various cultivars, while the production cost does not differ to the same extent. This gives rise to large differences in break-even price in terms of total production cost in the respective district and among the various cultivars.



PRODUKSIEKOSTE VIR WYNDRUIWE – KOSTE AS RAND PER HEKTAAR (2014-OES)
PRODUCTION COST FOR WINE GRAPES – COST AS RAND PER HECTARE (2014 HARVEST)

DISTRIK / DISTRICT	Stellenbosch	Paarl	Robertson	Breedekloof	Olifants Riv(i)er	Worcester	Oranje Riv(i)er	Klein Karoo	Bedryf Industry	Malmesbury
KOSTESTRUKTUUR / COST STRUCTURE				R/ha						
DIREKTE KOSTE / DIRECT COST	**5 333**	**4 297**	**5 770**	**6 315**	**5 723**	**6 645**	**2 950**	**4 365**	**5 382**	**3 883**
SAAD / SEED	126	32	64	106	15	115	56	81	75	154
KUNSMIS / FERTILISER	843	1 231	1 830	1 502	2 607	2 425	1 187	1 538	1 591	1 245
ORGANIESE BEMESTING / ORGANIC MATERIAL	45	118	129	1 018	615	200	150	310	315	41
PLAAG- & SIEKTEBEHEER / PESTICIDE CONTROL	2 903	2 042	2 414	2 365	1 661	2 474	652	1 678	2 230	1 857
ONKRUIDBEHEER / HERBICIDE CONTROL	960	571	1 007	928	415	964	583	360	788	493
HERSTEL- & BINDMATERIAAL / REPAIR & BINDING MATERIAL	457	302	326	396	409	467	322	398	383	94
ARBEID/ LABOUR #	**18 660**	**11 239**	**9 489**	**9 961**	**9 270**	**9 718**	**16 871**	**8 973**	**12 001**	**8 604**
TOESIG & BESTUURSHULP / SUPERVISION	3 435	1 182	2 208	2 012	1 881	1 143	2 092	1 359	2 039	848
PERMANENTE ARBEID / PERMANENT LABOUR	9 470	6 485	5 385	6 530	5 788	7 000	6 496	6 089	6 828	4 163
SEISOENSARBEID & KONTRAKTEURS / SEASONAL & CONTRACT WORKERS	5 755	3 572	1 896	1 419	1 602	1 575	8 283	1 524	3 134	3 593
MEGANISASIE / MECHANISATION	**6 321**	**4 837**	**6 168**	**5 639**	**7 385**	**5 962**	**5 809**	**5 537**	**5 952**	**4 788**
BRANDSTOF / FUEL	2 504	2 396	2 393	2 510	3 387	2 737	2 898	2 471	2 613	2 021
HERSTEL, ONDERDELE & REPARASIES / REPAIR, PARTS & MAINTENANCE	3 126	1 630	3 190	2 433	2 902	2 620	1 988	2 470	2 594	1 485
LISENSIES & VERSEKERING / LICENCES & INSURANCE	521	451	418	486	790	531	695	379	523	350
VERVOER GEHUUR / TRANSPORT HIRED	170	360	167	210	306	74	227	218	222	932
VASTE VERBETERINGE / FIXED IMPROVEMENTS	**1 207**	**787**	**768**	**1 331**	**737**	**1 207**	**836**	**817**	**985**	**531**
HERSTEL & ONDERHOUD / REPAIR & MAINTENANCE	1 032	604	559	1 074	500	942	427	677	763	424
VERSEKERING / INSURANCE	174	182	209	257	237	265	408	140	222	108
ALGEMENE UITGAWES / GENERAL EXPENDITURE	**5 116**	**4 048**	**4 998**	**4 237**	**6 691**	**5 159**	**4 783**	**4 395**	**4 914**	**2 130**
ELEKTRISITEIT / ELECTRICITY	1 796	1 710	2 975	2 695	2 922	2 528	1 613	1 463	2 302	721
WATERKOSTE / WATER COST	715	555	905	203	1 959	1 365	1 430	1 843	926	646
GROND- EIENDOMS- & MUN BELASTINGS / LAND- PROPERTY- & MUN TAXES	383	218	146	238	272	199	534	159	259	99
ADMINISTRASIE / ADMINISTRATION *	2 223	1 566	972	1 101	1 539	1 067	1 206	930	1 427	664
TOTALE KONTANTUITGAWES / TOTAL CASH EXPENDITURE	**36 637**	**25 207**	**27 193**	**27 481**	**29 806**	**28 691**	**31 249**	**24 086**	**29 235**	**19 936**
VOORSIENING VIR VERVANGING / PROVISION FOR RENEWAL	**9 296**	**8 058**	**9 771**	**9 706**	**11 601**	**9 564**	**8 056**	**9 354**	**9 439**	**7 109**
WINGERDE / VINEYARDS	5 379	5 398	5 443	5 510	5 005	5 589	5 300	5 432	5 388	4 593
VASTE VERBETERINGS / FIXED IMPROVEMENTS	1 148	666	936	998	1 061	903	463	661	912	600
LOSGOED OF PRODUKSIEMIDDELE / MOVEABLE ASSETS OR PRODUCTION MEANS	2 769	1 994	3 392	3 198	5 534	3 073	2 293	3 261	3 140	1 916
TOTALE UITGAWES / TOTAL EXPENDITURE	**45 932**	**33 265**	**36 964**	**37 187**	**41 406**	**38 256**	**39 305**	**33 440**	**38 674**	**27 045**
GEMIDDELDE OPP GEPLANT / AREA PLANTED (HA)	**101**	**101**	**107**	**114**	**56**	**91**	**19**	**48**	**92**	**162**
AREA ONDER BESPROEIING / AREA UNDER IRRIGATION (%)	**92%**	**95%**	**100%**	**100%**	**100%**	**99%**	**100%**	**100%**	**98%**	**31%**
OUDERDOMSAMESTELLING / AGE COMPOSITION (%)										
3 JAAR & JONGER / 3 YEARS & YOUNGER	7.83	10.74	13.80	15.40	11.24	15.41	4.16	16.53	**11.77**	9.49
TUSSEN 4 & 7 JAAR / BETWEEN 4 & 7 YEARS	16.80	11.61	19.60	14.44	15.12	18.76	24.57	14.90	**16.32**	10.09
TUSSEN 8 & 15 JAAR / BETWEEN 8 & 15 YEARS	38.58	50.08	33.56	36.53	37.24	35.14	41.54	43.70	**39.38**	59.07
TUSSEN 16 & 20 JAAR / BETWEEN 16 & 20 YEARS	18.32	18.48	18.11	17.90	17.89	14.14	17.05	17.86	**17.69**	16.13
OUER AS 20 JAAR / OLDER THAN 20 YEARS	18.47	9.09	14.93	15.70	18.51	16.55	12.68	7.28	**14.85**	5.22
GEMIDDELDE OPBRENGS / AVERAGE YIELD (TON/HA)	9.88	12.49	16.51	19.61	28.50	20.01	33.06	18.62	**17.69**	9.87
KONTANTUITGAWES / CASH EXPENDITURE (R/TON)	**3 708**	**2 018**	**1 647**	**1 401**	**1 046**	**1 434**	**945**	**1 294**	**1 652**	**2 020**
TOTALE UITGAWES / TOTAL EXPENDITURE (R/TON)	**4 649**	**2 663**	**2 239**	**1 896**	**1 453**	**1 912**	**1 189**	**1 796**	**2 186**	**2 740**

Ingesluit: Voorsorgfonds, WVF, medies, beskermde klere, klerasie, bonusse, rantsoene, ongevalle / vergoeding kommisaris, ens.
Included: Provident fund, UIF, medical, protected clothes, clothing, bonus, rations, workman's compensation comission, etc.

* Ingesluit: Bankkoste, ouditeursgelde, lidmaatskappe, sekuriteit, rekenaaronderhoud, professionele dienste, kursusse/opleiding, posgeld, telefoon, skryfbehoeftes, besproeiingsmonitering en diverse uitgawes.
* Included: Banking costs, bookkeeping fees, membership fees, security, computer maintenance, professional fees, training/courses, postage, telephone, stationery, irrigation monitoring and sundries.

Kostestruktuur van top presteerders / Cost structure of top achievers

Die top presteerders word volgens beste netto boerdery inkomste (NBI) geselekteer. Top presteerders se jaarlikse kontantuitgawes (R27 334/ha) was gedurende die 2014-oesjaar minstens 7% laer as dié van die bedryf (R29 235/ha), terwyl die voorsiening vir vervanging van die top presteerders (R9 503/ha) 1% hoër was as die bedryfsgemiddeld (R9 439/ha). Totale produksiekoste van die top presteerders het R36 837/ha teenoor die bedryfsgemiddelde R38 674/ha beloop – 5% laer.

The top achievers are selected according to highest net farming income (NFI). Top achievers' annual cash expenditure (R27 334/ha) was at least 7% lower than that of the industry (R29 235/ha) during the 2014 production year, while the provision for replacement of the top achievers (R9 503/ha) was 1% higher than the industry average (R9 439/ha). Total production cost of the top achievers amounted to R36 837/ha compared to the industry average of R38 674/ha, which was 5% lower.

PRODUKSIEKOSTE VIR WYNDRUIWE (R/HA) / PRODUCTION COST FOR WINE GRAPES (R/HA)						
KOSTESTRUKTUUR / COST STRUCTURE	Top 50 2012 R/ha	Bedryf Industry 2012 R/ha	Top 50 2013 R/ha	Bedryf Industry 2013 R/ha	Top 50 2014 R/ha	Bedryf Industry 2014 R/ha
DIREKTE KOSTE / DIRECT COST	4 530	4 150	5 063	4 670	6 080	5 382
SAAD / SEED	84	107	109	110	133	75
KUNSMIS / FERTILISER	1 393	1 221	1 327	1 405	1 577	1 591
ORGANIESE BEMESTING / ORGANIC MATERIAL	417	242	569	316	779	315
PLAAG- & SIEKTEBEHEER / PESTICIDE CONTROL	1 661	1 639	1 963	1 839	2 310	2 230
ONKRUIDBEHEER / HERBICIDE CONTROL	552	548	594	589	812	788
HERSTEL- & BINDMATERIAAL / REPAIR & BINDING MATERIAL	422	393	501	411	469	383
ARBEID / LABOUR	7 937	9 630	8 751	10 639	10 216	12 001
TOESIG & BESTUURSHULP / SUPERVISION	1 568	1 689	1 648	1 808	1 720	2 039
PERMANENTE ARBEID / PERMANENT LABOUR	5 092	5 616	5 668	6 076	6 590	6 828
SEISOENSARBEID & KONTRAKTEURS / SEASONAL & CONTRACT WORKERS	1 278	2 325	1 435	2 755	1 906	3 134
MEGANISASIE / MECHANISATION	4 543	4 868	5 369	5 501	5 680	5 952
BRANDSTOF / FUEL	1 820	2 040	2 350	2 358	2 629	2 613
HERSTEL ONDERDELE & REPARASIES / REPAIR PARTS & MAINTENANCE	2 059	2 136	2 208	2 352	2 334	2 594
LISENSIES & VERSEKERING / LICENCES & INSURANCE	464	460	522	497	532	523
VERVOER GEHUUR / TRANSPORT HIRED	199	232	289	294	185	222
VASTE VERBETERINGE / FIXED IMPROVEMENTS	715	720	953	913	1 095	985
HERSTEL & ONDERHOUD / REPAIR & MAINTENANCE	488	490	721	635	875	763
VERSEKERING / INSURANCE	227	230	231	278	220	222
ALGEMENE UITGAWES / GENERAL EXPENDITURE	4 328	4 466	4 670	4 936	4 263	4 914
ELEKTRISITEIT / ELECTRICITY	2 269	2 063	2 245	2 287	2 036	2 302
WATERKOSTE / WATER COST	861	931	963	971	803	926
GROND- EIENDOMS- & MUN BELASTINGS / LAND- PROPERTY- & MUN TAXES	172	218	222	257	224	259
ADMINISTRASIE / ADMINISTRATION	1 026	1 254	1 241	1 421	1 201	1 427
TOTALE KONTANTUITGAWES / TOTAL CASH EXPENDITURE	22 054	23 834	24 806	26 659	27 334	29 235
VOORSIENING VIR VERVANGING / PROVISION FOR RENEWAL	8 815	8 606	9 509	9 080	9 503	9 439
WINGERDE / VINEYARDS	5 143	5 082	5 509	5 408	5 449	5 388
VASTE VERBETERINGS / FIXED IMPROVEMENTS	910	832	936	880	888	912
LOSGOED OF PRODUKSIEMIDDELE / MOVEABLE ASSETS OR PRODUCTION MEANS	2 761	2 691	3 063	2 792	3 166	3 140
TOTALE UITGAWES / TOTAL EXPENDITURE	30 869	32 439	34 315	35 739	36 837	38 674

Die persentasie samestelling van top presteerders se kontantuitgawes verskil ook van die bedryfsgemiddeld. Direkte kostes by top presteerders was gedurende die drie oorsigjare ietwat hoër as dié van die bedryf, hoofsaaklik vanweë groter spandering aan bemesting. Die meganisasiekomponent is by top presteerders groter en arbeid kleiner as die bedryfsgemiddeld. Totale arbeidskoste van top presteerders is ook laer as die bedryfsgemiddeld. Gesien in die lig hiervan wil dit voorkom of die top presteerders tot 'n mate meer gemeganiseerd is ten koste van arbeid, of arbeid word meer produktief aangewend. Die ander kostekomponente toon egter nie veel verskille nie.

The percentage composition of top achievers' cash expenditure also differs from the industry average. Top achievers' direct costs were slightly higher than that of the industry during the three years under review, mainly due to greater spending on fertiliser. Top achievers' mechanisation component is bigger, while the labour component is smaller than the industry average. Total labour cost of top achievers is also below the industry average. In view of the above it seems as though the top achievers are more mechanised at the expense of labour, or labour is applied more productively. The other cost components do not differ much.

Samestelling van jaarlikse kontantuitgawes (top presteerders teenoor bedryfsgemiddeld) / Composition of annual cash expenditure (top achievers compared to industry average)



Hoewel die kostestruktuur van top presteerders van die bedryfsgemiddeld verskil wat betref samestelling en werklike randwaarde, was dit inkomste per hektaar – hoofsaaklik aangedryf deur produksie – wat in 2014 vir die vyfde agtereenvolgende jaar die aansienlike verbetering in NBI bewerkstellig het.

Die ouderdomsamestelling van wingerd oor die drie-jaar oorsigperiode toon nie wesenlike verskille nie. Beide groeperings beskik na regte oor 'n aanvaarbare ouderdomsamestelling.

Although the cost structure of top achievers differs from the industry average with regard to composition and actual rand value, it was income per hectare – mainly fuelled by production – that resulted in the considerable improvement in NFI for the fifth consecutive year in 2014.

The age composition of grapevines over the three year period under review does not differ much. For both groups the age composition is quite acceptable.

Wat doen top presteerders anders? / What sets top performers apart?

Die volgende korttermyn tegniese praktyke het oor die afgelope drie tot vyf jaar die winsgewendheid van individuele wynprodusente 'n hupstoot gegee.

Snoeimetodes

In 'n poging om produksie te verhoog, poog produsente om oogladings tydens snoei te verhoog deur die toepassing van verskillende snoeipraktyke. Die aantal oë word toegeken met inagneming van die groeikrag – geiler stokke kry dus meer of langer draers en 'n hoër oogladings. Verskillende snoeimetodes/-stelsels word ook vir verskillende wyndoelwitte toegepas.

Lowerbestuurspraktyke

Lower word bestuur om vegetatiewe groei te akkommodeer sonder verlies aan vrugbaarheid en met behoud van kwaliteit. Groot fokus word geplaas op lig in die lower en suier-, top- en blaarbreek-aksies word uitgevoer om te verhoed dat stokke te dig en onvrugbaar raak. Produsente poog ook om op arbeid te bespaar deur sekere praktyke uit te skakel of af te skaal. Só word wingerde onder andere meer toegelaat om oop te lê (sprawl) om voldoende deurlugting en beligting te verseker. Voorheen is voorkeur gegee aan vertikale lootposisionering (VSP) waar al die lote tussen die loofdrade ingedruk word en verdigting maklik kan plaasvind indien daar nie gesuier word nie.

Bemesting en besproeiing

Groeikrag het 'n groot impak op produksie en produsente pas hul bemestings- en besproeiingspraktyke volgens spesifieke wyndoelwitte toe. Premium-blokke het matige groei en drag wat in balans is, terwyl bulkwynblokke sterker groeikrag het wat 'n groter lower en drag kan akkommodeer. Besproeiing en bemesting word hierby aangepas.

Blokke met hoër produksies word dikwels geassosieer met:

- Goed gedreineerde grond
- Diep grondvoorbereiding
- Meer stikstof (N)
- Luukse watervoorsiening (nie te veel nie – risiko van versuiping).

Tekortbesproeiing ("RDI") word slegs toegepas indien die wynprys dit regverdig.

The following short-term technical practices improved the profitability of individual wine producers over the past three to five years.

Pruning methods

In an attempt to increase production, producers attempt to increase bud load during pruning by means of various pruning practices. The number of buds allocated depends on vigour – grapevines that are more vigorous have more spurs or longer bearers – in other words, a higher bud load. Moreover, different pruning methods/systems are used for different wine objectives.

Canopy management practices

Canopies are managed to accommodate vegetative growth without loss of fertility, while retaining quality. There is considerable focus on sunlight penetration within the canopy, and suckering techniques, topping and leaf removal are performed to prevent grapevine canopies from becoming too dense and infertile. Producers also attempt to save on labour by eliminating or downscaling certain practices. By allowing certain grapevines to sprawl in order to ensure sufficient aeration and light penetration, shoots do not need to be tucked into wires as required with vertical shoot positioning systems. The latter practice could be responsible for too dense canopies unless proper suckering takes place.

Fertilisation and irrigation

Vigour has a great impact on yield; therefore producers apply their fertilisation and irrigation practices according to specific wine objectives. The growth and yield in premium blocks are moderate and in balance, whereas bulk wine blocks are more vigorous in order to accommodate larger canopies and yields. Irrigation and fertilisation are adjusted accordingly.

Blocks with high yield are often associated with:

- *Well-drained soil*
- *Deep soil preparation*
- *More nitrogen (N)*
- *Abundant water provision (not too much – risk of drowning).*

Deficit irrigation ("RDI") is applied only if it is justified by the price of the wine.

Belyn praktyke met die wyndoelwit

Wingerdbestuur het tot 'n groot mate verskuif vanaf slegs gehalte teen alle koste na winsgewendheid teen die regte gehalte. Produsente belyn dus hul praktyke met die uiteindelike wyndoelwit en druiweprys. 'n Langtermynpraktyk wat vorentoe 'n groot rol gaan speel, is die gebruik van nouer plantwydtes, en spesifiek nouer rywydte, wat meer rye per hektaar gee.

Alternatiewe prieelstelsels

Die keuse van prieelstelsel het 'n baie groot impak op winsgewendheid, en hoewel nog in die beginfase, gebruik ál meer produsente alternatiewe prieelstelsels of bestuur hul bestaande stelsel(s) anders.

Alternatiewe prieelstelsels kan:

- Produksie (ton/ha) verhoog deurdat verhoogde effektiewe blaaroppervlak 'n groter oes kan rypmaak
- Arbeidskostes verlaag, byvoorbeeld ooplêstelsels teenoor VSP
- Sonligpenetrasie verbeter
- Tot meer gebalanseerde groeikrag lei
- Tot beter gehalte teen 'n hoër produksie aanleiding gee, vanweë groter effektiewe lowers.

Uitkap van nie-winsgewende blokke

Laer-produserende blokke of dié waarvan die druiwe nie meer in aanvraag is nie, word uitgekap.

Doeltreffende arbeidsbestuur

As deel van beter algemene kostebestuur, word arbeid meer doeltreffend bestuur deur onder andere te meganiseer waar moontlik en gebruik te maak van meer opgeleide arbeiders waar hande-arbeid wel benodig word.

Plant nuwe wingerde aan

Slegs winsgewende produsente plant tans nuwe wingerde aan, maar doen fyn beplanning vir beter produksies met betrekking tot die grond, kultivar, onderstok, klone, prieel, besproeiing, bemesting, snoei en lowerbestuur.

Tydsberekening van aksies

Die korrekte tydsberekening van verskillende wingerdaksies is baie belangrik – dit kan kostes bespaar en effektiwiteit verbeter. Feitlik alle aksies vereis 'n bepaalde tyd; verbeur dit en betaal die gevolge.

Align practices with the wine objective

Viticultural management has shifted to a large extent from quality alone at all costs, to profitability combined with the right quality. Producers are therefore aligning their practices with the eventual wine objective and grape price. A long-term practice that is set to play a significant role in the future, is the use of narrower plant widths, and specifically narrower row width, which gives more rows per hectare.

Alternative trellising systems

The choice of trellis system has an enormous impact on profitability, and although it is early days yet, more and more producers are using alternative trellis systems, or manage their existing system(s) differently.

Alternative trellis systems can:

- *Increase yield (ton/ha), as a larger effective leaf surface area is able to ripen a larger crop*
- *Reduce labour costs, for example sprawling systems versus vertical positioning*
- *Improve sunlight penetration*
- *Result in more balanced vigour*
- *Result in improved quality and higher yield, due to bigger effective canopies.*

Uprooting of non-profitable blocks

Blocks with low yields, or blocks with grapes that are no longer in demand, are uprooted.

Efficient labour management

As part of improved general cost management, labour is managed more efficiently by means of mechanisation, inter alia, where possible, and where manual labour is required, by making use of more skilled labourers.

Plant new vineyards

Only producers who make a profit are currently planting new vineyards, following meticulous planning for improved yields with regard to the soil, cultivar, rootstock, clones, trellis, irrigation, fertilisation, pruning and canopy management.

Timing of actions

Correct timing of various vineyard activities can go a long way to reducing costs and increasing the effectiveness of operations, where late action often comes with extra costs. Just about every activity has it's time; miss it and it will cost you.

Teikeninkomste (2014-oes) / Target income (2014 harvest)

Dit is van uiterste belang dat produsente en ander rolspelers in die wynbedryf weet wat die teikeninkomste per hektaar moet wees om te verseker dat redelike en aanvaarbare ekonomiese opbrengste gerealiseer word. Om die teikeninkomste te bepaal word die totale produksiekoste, 'n aanvaarbare ondernemersloon, asook 'n realistiese opbrengs op kapitaalbelegging in berekening gebring. Sodoende word die teikeninkomste per hektaar bepaal, wat na gelang van verskillende produksies aangepas moet word om teikenpryse vir spesifieke produkte te bepaal. Hierdie syfers is slegs 'n gemiddelde teikeninkomste per distrik ten opsigte van Produksieplan-deelnemers en die ideaal is dat elke produsent sy eie individuele teikeninkomste bepaal na gelang van sy plaasgrootte, kostestruktuur, ens.

It is important that producers and other role players are informed of what their target income per hectare should be to ensure that reasonable and acceptable economic yields are obtained. Total production cost, entrepreneurial remuneration and a realistic return on capital investment are all taken into account to determine the total target income. After the target income per hectare has been calculated, it should be divided according to varying levels of production in order to determine target prices for specific products. The target income guidelines shown here represent the average for all the participants of the Production Plan per district and producers should ideally calculate their individual target income according to their own cost structure, farm size, etc.

TEIKENINKOMSTE RIGLYNE PER HEKTAAR (2014) / TARGET INCOME GUIDELINES PER HECTARE (2014)

DISTRIK / DISTRICT	Stellenbosch	Paarl	Robertson	Breedekloof	Olifants Riv(i)er	Worcester	Orange Riv(i)er	Klein Karoo	Bedryf / Industry	Malmesbury
Plaasgrootte / Farm size (ha)	40	40	40	40	40	40	40	40	40	70
	R/ha									
Totale kontantuitgawes **Total cash expenditures**	**36 637**	**25 207**	**27 193**	**27 481**	**29 806**	**28 691**	**31 249**	**24 086**	**29 235**	**19 936**
Voorsiening vir vervanging Provision for renewal	9 296	8 058	9 771	9 706	11 601	9 564	8 056	9 354	9 439	7 109
Teikeninkomste na produksiekoste **Target income after production cost**	**45 933**	**33 265**	**36 964**	**37 187**	**41 406**	**38 255**	**39 305**	**33 440**	**38 674**	**27 045**
Rente op belegging (vestigingskoste – R138 000/ha) Interest on investment (establishment cost – R138 000/ha)	11 040	11 040	11 040	11 040	11 040	11 040	11 040	11 040	11 040	8 480
Teikeninkomste voor ondernemingsloon **Target income before entrepreneurial remuneration**	**56 973**	**44 305**	**48 004**	**48 227**	**52 446**	**49 295**	**50 345**	**44 480**	**49 714**	**35 525**
Ondernemingsloon (R34 000/maand) Entrepreneurial remuneration (R34 000/month)	10 200	10 200	10 200	10 200	10 200	10 200	10 200	10 200	10 200	5 815
Teikeninkomste per ha **Target income per ha**	**67 173**	**54 505**	**58 204**	**58 427**	**62 646**	**59 495**	**60 545**	**54 680**	**59 914**	**41 339**

TEIKENINKOMSTE RIGLYNE PER TON (2014) / TARGET INCOME GUIDELINES PER TON (2014)

Produksie per hektaar / Yield per hectare	R/ton									
5	13 435	10 901	11 641	11 685	12 529	11 899	12 109	10 936	11 983	8 268
8	8 397	6 813	7 276	7 303	7 831	7 437	7 568	6 835	7 489	5 167
10	6 717	5 451	5 820	5 843	6 265	5 950	6 055	5 468	5 991	4 134
12	5 598	4 542	4 850	4 869	5 221	4 958	5 045	4 557	4 993	3 445
15	4 478	3 634	3 880	3 895	4 176	3 966	4 036	3 645	3 994	2 756
20	3 359	2 725	2 910	2 921	3 132	2 975	3 027	2 734	2 996	2 067
25	2 687	2 180	2 328	2 337	2 506	2 380	2 422	2 187	2 397	1 654
30	2 239	1 817	1 940	1 948	2 088	1 983	2 018	1 823	1 997	1 378

Arbeidsriglyne / Labour guidelines

Arbeidsnorme / Labour norms

Arbeid is verreweg die grootste komponent van die wyndruifprodusent se jaarlikse kostes. Daarom is die effektiewe bestuur van die arbeidsmag op die plaas baie belangrik. In die volgende tabel is arbeidsnorme vir sekere aksies saamgevat wat die wyndruifprodusent sal help met die beplanning, bestuur van, en begroting vir arbeid – beide permanent en seisoenaal – deur die jaar.

Labour is by far the largest component of wine grape producers' annual expenditure. Therefore efficient management of the labour corps on the farm is of utmost importance. The following table includes labour norms for specific actions that will assist the wine grape producer to plan, manage and budget for labour – both permanent and seasonal – throughout the year.

ARBEIDSNORME / LABOUR NORMS		
Tipe aksie / Type of action	Man-ure per hektaar / Man hours per hectare	Vir eie gebruik / For own use
Wingerd uittrek / Vineyard uproot		
Bosstok / Bush vines	40 - 55	
Opleiwingerd / Trellised vineyards	1100 - 1400	
Skoonmaak van grond / Field clearing	23 - 30	
Skoonmaak van grond (trekker) / Field clearing (tractor)	25 - 35	
Verwyder ou stokke / Uproot old vines	23 - 30	
Wegry van stokke / Remove vines from site	25 - 35	
Wingerdvestiging (alle aktiwiteite) / Establishment (all activities)		
Jaar 1 / Year 1	900 - 1300	
Jaar 2 / Year 2	1000 - 2400	
Jaar 3 / Year 3	1000 - 1500	
Wingerdvestiging (gespesifiseerde aktiwiteite) / Establishment (specified activities)		
Pale plant / Plant posts	320 - 380	
Draadspan / Strain wires	70 - 90	
Besproeiing installeer / Install irrigation	170 - 200	
Opleistelsel oprig (medium tot groot) / Erect trellis systems (medium to large)	1200 - 1700	
Saai van dekgewas / Sow cover crop seed	3 - 5	
Plant van stokke / Plant vines	160 - 185	
Lê van dekplastiek / Lay plastic covering	24 - 30	
Groenlootontwikkeling / Green shoot development	230 - 300	
Winterloot op raamwerk / Winter cane on framework	110 - 125	
Oesbeheer / Crop control	65 - 80	
Ander aktiwiteite / Other activities		
Voorsnoei vir oplei / Pre-prune for trellising	30 - 37	
Skoonsnoei vir bosstok / Clear pruning for bush vines	86 - 160	
Skoonsnoei vir oplei / Clear pruning for trellising	105 - 120	
Stompsnoei vir bosstok / Blunt pruning for bush vines	45 - 55	
Stompsnoei vir oplei / Blunt pruning for trellising	42 - 62	
Gesamentlike snoei (skoon en stomp) / Collective pruning (blunt and clear)	90 - 145	
Suier intensief / Intensive offset	45 - 80	
Suier ekstensief / Extensive offset	24 - 45	
Lote deursteek / Plant shoots	20 - 36	
Top van lote / Top shoots	15 - 25	
Blare uitbreek / Remove leaves	20 - 30	
Oesbeheer / Crop control	65 - 80	
Oes van bosstok (man-ure per ton) / Harvest of bush vines (man hours per ton)	11 - 15	
Oes van oplei (man-ure per ton) / Harvest of trellis (man hours per ton)	9 - 11	

ARBEIDSNORME / LABOUR NORMS		
Tipe aksie / Type of action	Man-ure per hektaar / Man hours per hectare	Vir eie gebruik / For own use
Besproeiing in seisoen / Irrigation in season	20 - 35	
Plaagbeheer (trekker) / Pest control (tractor)	60 - 75	
Somerloofaksie / Summer foliage action	230 - 320	
Skoffel / Hand cultivate	25 - 40	

Minimum loon / Minimum wage

Minimumloonkoers vanaf 1 Maart 2015 tot 29 Februarie 2016 is soos volg:

The minimum wage from 1 March 2015 until 29 February 2016 is as follows:

Uurlikse loon / Hourly wage	R13.37 per uur / per hour
Daaglikse loon / Daily wage	R120.32 per dag / per day
Weeklikse loon / Weekly wage	R601.61 per week
Maandelikse loon / Monthly wage	R2 606.78 per maand / per month

Vestigingskoste / Establishment cost

Die vestiging van wingerd is 'n langtermyn, kapitaal-intensiewe besluit waarmee die produsent vir meer as 20 jaar moet saamleef. Dit is dus krities dat alle aspekte rondom so 'n besluit deeglik besin moet word alvorens dit geneem of uitgevoer word.

The establishment of vineyard is a long-term, capital-intensive decision, which will have an effect on the producer for the next 20 years or more. It is therefore critical that all aspects surrounding the matter are thoroughly considered before the decision is made or implemented.

Grondvoorbereiding / Soil preparation

Dit is wenslik om die volgende prosedures te volg ten einde 'n eenmalige, korrekte voorbereiding vir die meerjarige wingerd daar te stel.

(In samewerking met Braham Oberholzer, VinPro-grondkundige).

